

DIE BANK VAN SEËNINGE

Mattheus 25:14-30

Die vraag is: Wat is die doel van geld? Sal jy ooit genoeg hê? Sal dit aanhou om genoeg te wees? Watter rol speel geld in jou lewe? Watter persepsie omtrent geld is gesond en korrek?

Die begrip van tiende betaal en rentmeesterskap mag miskien vir jou vreemd wees omdat hierdie terme nie baie in die sekulêre wêreld gebruik word nie. Hierdie terme is egter in die Ou Testament en Nuwe Testament gebruik. En aangesien ons volgens die Woord van God wil lewe (***Psalm 119:9 Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U woord***) is hierdie 'n onderwerp wat ons nou sal moet *tackle* sodat ons dit beter verstaan. Hierdie Bybelstudie sal jou help om te ontdek hoe tiende en rentmeesterskap in God se plan vir jou lewe inpas.

Matt 25:20-21 ; 1 Kor 4:2

1. BEPLAN OM 'N GOEIE RENTMEESTER TE WEES

Beginsel van 'n rentmeester - Matthéüs 25:14-30

God is die eienaar **VAN ALLES**. (Haggai 2:8; Job 41:11)

As God die eienaar van ALLES IN JOU LEWE IS, is daar drie implikasies:

- Hy kan neem wat Hy wil wanneer Hy wil.
- Elke *spending decision* is 'n **GEESTELIKE** besluit.
- Jy kan nie rentmeesterskap *fake* nie.

Wat beteken dit om 'n rentmeester te wees?

Dit beteken jy is 'n bestuurder van iemand anders se eiendom

In hierdie geval: as alles aan God behoort, beteken dit dat God deur sy goeie genade vir jou gegee het wat jy vandag besit en verwag van jou om verantwoordelik te wees in die bestuur van dit wat hy vir jou gegee het. So jy kan jouself sien as die bestuurder van jou eie klein wêreld wat God vir jou gegee het. Dit sluit alles wat jy het in. En ja jou finansies. So al jou sakgeld wat jy nou kry, salaris wat jy eendag sal kry, jou talente, vermoëns en vriendskappe moet jy vir God bestuur, want dit behoort eintlik alles aan Hom en nie aan jou nie.

Ons is in 'n groeiproses waar God geld gebruik as 'n

"TOOL" (Fil 4:11-13) / **TOETS** (Luk 16:11) / **GETUIENIS** (Matt 5:13-16)

Definisie van rentmeesterskap

Die gebruik van God-gegewe **HULPMIDDELS** vir die bereiking van God-gegewe **DOELWITTE**.

Definisie van finansiële beplanning

- Die toepassing van beperkte **HULPMIDDELS** vir onbeperkte **DOELWITTE**.
- Finansiële besluite wat jy vandag neem sal 'n **LEEFTYD** se implikasies hê.
- Wanneer jou **PERSPEKTIEF** gefokus is op die langtermyn, sal jy vandag beter besluite neem. **“Dishonest money dwindles away, but he who gathers money little by little makes it grow.”** Spr 13:11; Psalm 37:21

Goeie reëls oor finansies

- Moet nooit ooit vir God uit jou wêreld uitsluit wanneer jy dink en besluite neem oor geld nie, wanneer jy dit ontvang, spandeer, belê en spaar nie.
- God kan wonderwerke verrig met die bietjie wat jy na Hom bring – as jou **ATTITUDE** reg is, as jy **GELOOF** het en jou **VERTROUE** in Hom plaas en as jy **VERANTWOORDELIKHEID AANVAAR** vir dit wat Hy vir jou gegee het.
- Geld is belangrik, maar nooit meer belangrik as mense nie.
- Tyd is die goud van die lewe, geld is maar die silwer.

2. FINANSIËLE BESTUUR BEGIN MET DIE REGTE MINDSET

Jy sal geld nooit in die regte perspektief kan sien, die regte verhouding met dit hê en dit korrek bestuur, voordat jy nie die ewigheidsdoel van jou lewe ontdek nie – en dit is om GOD TE BEHAAG, jou eie ware waarde in die lig van God se Woord en in die lig van die *sacrifice* van JESUS op die kruis van Golgota te sien en om siele na JESUS toe te bring. Die waarde van 'n artikel word bepaal deur die prys wat daarvoor betaal is. Jesus het Sy lewe in ruil vir jou lewe gegee. Ons begryp sekerlik die waarde van hierdie transaksie? Geld is 'n beperkte **resource**. God is die **Ultimate Source**! Hy is die **Source of Life**, sowel as van ander **resources** soos **geld, tyd, energie, talente, intellek en geleenthede**. Ons *ultimate* ewigheidsdoel as mense is om siele vir JESUS te wen. Dit word gedoen deur self meer soos JESUS te word. Om 'n goeie getuigenis vir JESUS te wees moet ons integriteit hê. Mense sal weet hulle kan ons vertrou want ons is eerlik en het integriteit - soos JESUS. (**Spr 22:1; Pred 7:1**)

Daar is **DRIVERS & MOTIVATORS** agter finansiële transaksies naamlik: vrees, gierigheid (*greed*), kompetisie. Die opponente van hierdie **DRIVERS & MOTIVATORS** is geloof, dankbaarheid, vergenoegdheid (*contentedness*). Vrees is oorspronklik die

dryfveer van die meeste van 'n mens se gedagtes, emosies en aksies. Vrees val elke hart, lewe, vryheid en vreugde aan. Vrees het sy oorsprong in onsekerheid in jouself en oor die toekoms. Geld is 'n slaaf van vrees, gierigheid en kompetisie. Ons moet daaglik teen hierdie drie teenstanders bid en God se oorwinnig oor hulle verklaar, sodat die dryfveer agter ons gedagtes en emosies geloof, dankbaarheid en vergenoegdheid sal wees!

Verkeerde drivers & motivators veroorsaak dat ons SKULD maak

- Skuld is die nommer een struikelblok om rykdom bymekaar te maak want dit eet rente (rente is die koste van ongeduld)
- Skuld beteken dat jy geld leen uit jou **TOEKOMS**. (Jak 4:13-17; Ps 37:21)
- Skuld kan vermy dat God 'n **GELEENTHEID** het om te werk. (Jes 55:8)
- Skuld bind jou want dit neem jou vryheid weg om toekomstige finansiële transaksies te maak. Baie skuld is gevaarlik en dit kan selfs verslawend wees, wat jou dalk meer as jou geld kan kos. Dit kan jou lewe kos! **(Baie mense oorweeg selfmoord, ander bestaan weer net en kan nie regtig leef nie want hulle het nooit geld om die lewe te geniet nie)**
- Bybelse ontmoediging teen skuld: 1 Tim 5:8; Luk 12:15; Rom 13:8; Spr 22:7. Debt is never the real problem. It is only symptomatic of the real problem greed, self-indulgence, impatience, fear, poor self-image, lack of self-worth, lack of self-discipline, or something else.

Sleutels tot finansiële sukses

Verstaan die Bybelse **BEGINSEL**. Stel langtermyn **DOELWITTE**. Vermy **SKULD**. Neem 'n **NIE-VERTERENDE** lewensstyl aan. *"Vertrou geheel en al op die Here en moenie op jou eie insig staatmaak nie. Hou Hom in gedagte by elke dinge wat jy doen, dan sal Hy sorg dat jou lewe reg verloop."* Spreuke 3:5-6

3. BEPLANNING VIR JOU FINANSIËLE TOEKOMS

'n Geskrewe plan is 'n visuele instrument wat jou help om jouself intelligent en effektief te bestuur tot die bereiking van jou gekose doel. Om sukses te verseker doen beplanning in die volgende aspekte van jou lewe: geld, tyd, energie, intellek, vaardighede, talente & geleenthede.

Onthou dat

- 'n plan is 'n PROSES – dit is 'n *ongoing process* – wat slegs gestaak word wanneer jou doel bereik is.
- 'n plan moet reeds in jou geestesoog gesien word (jy moet dit visualiseer).

- sukses van 'n plan hang af van die ervaring, vaardigheid, verbeelding en visie van die beplanner.
- 'n plan is 'n kaart wat 'n roete insluit wat jy moet volg.
- Geen plan? Geen doel word bereik!
- Beste resultate word bereik deur **beplanning & gebed** – die een kan nie sonder die ander.

Vier redes om doelwitte daar te stel

- Dit voorsien rigting en **BETEKENIS** aan jou lewe.
- Help jou **DENKE** om te kristalliseer (vaste vorm aanneem).
- Dit voorsien persoonlike **MOTIVERING**.
- Help om God se **WIL** in jou lewe te vervul

Vier redes hoekom ons nie doelwitte stel nie

(1) Vrees dat ons gaan **FAAL**. **(2)** Nie genoeg **TYD**. **(3)** Weet nie watter doelwitte om te **STEL** nie. **(4)** Weet nie **HOE** om doelwitte te stel nie.

Hoe om nie doelwitte te stel nie

- Moenie fokus op die **VERLEDE** nie. *Efs 3:20; Fil 3:13-14*
- Moenie fokus op jou huidige **HULPMIDDELS** nie. Joh 15:7

Hoe om 'n geloofsdoelwit te stel

- Geloofsdoelwit : 'n *Objective* waarna ek glo God my wil beweeg
- Spandeer tyd met **GOD**. Skryf dit neer. ***Heb 11:1*** Wat beteken dit om op God te vertrou? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is.
- Maak dit **MEETBAAR**. *Hebr 11:6*

Die eerste stap

Geloof: **REAGEER** op die basis dat dit is wat God wil hê jy moet doen. **GOD** se deel. **MY** deel. *Hebreërs 11:7-11*

Die resultate van geloofdoelwitstelling

(1) Die doelwit sal **BEREIK** word. **(2)** Groei sal **ERVAAR** word. **(3)** God sal **VERHEERLIK** word. (*Fil 4:19*)

4. BESTUUR JOU CASHFLOW

1 Kor 14:14; Kol 3:17

Hoe om jou cashflow te beheer

- Stel op 'n **PLAN**.
- Neem **VERANTWOORDELIKHEID**.
- Hou rekord van wat **GEBEUR**.
- Evalueer en **HERSIEN** soos nodig.

Beginsels vir cashflow bestuur

- Neem **VERANTWOORDELIKHEID**.
- Meet jou uitgawes teen die **PLAN** op.
- Dit verg **DISSIPLINE**.
- Wees **FLEXIBLE**.

Galasiërs 6:9 “Laat ons dan nooit moeg word van goed doen nie, want as ons daarmee aanhou, sal ons die vrugte daarvan pluk as die regte tyd aanbreek het.

Stappe tot finansiële vryheid

- Som op jou **POSISIE** waar jy jouself bevind.
- Bepaal jou **DOELWITTE**.
- **VERMEERDER** jou cashflow.
- **BEHEER** jou cashflow.

5. MOENIE UITVERLOOR OP DIE WONDERWERK

JOU COMMITMENT IN “ DIE BANK VAN SEENINGE”

2 Korintheërs 9:6-9

Die meeste kerkmense spandeer hulle geld net op hulleself. Eers nadat hulle alles gekoop het wat hulle wil hê, gee hulle die oorskiet vir die Here. **Paulus sê egter dinge werk net mooi andersom.** Gee eerste jou deel vir die Here. **Dan begin die hemelse vuurwerke. Die Bybel leer ons dat ons God moet lief hê uit ons hele hart, siel en verstand, maar vra dat ons egter slegs 10% van ons geld (inkomste) vir Hom moet gee: *Mal 10:8-12; Spr 3:5-10.* Mense wie God nie waarlik liefhet nie, en Hom nie werklik vertrou nie, vind dit moeilik om 10% van hulle finansies vir Hom te gee. God het 'n blymoedige gewer lief, want 'n blymoedige gewer bevestig sy vertroue in God deur sy gesindheid waarmee hy gee. *Luk 6:38; Spr 11:24-25; 1 Kron 29:14***

‘n Persoon wat in die lewe die beginsel van saai en maai verstaan is ‘n GEWER.

Mense wat gee het twee gesindhede

- Hulle lewe op 'n hoër vlak as ander mense, is meer positief en aktief. Hulle het ruggraat en manmoed. Hulle het hulle vyande lief en draai die ander wang, hulle seën hulle vyande, hulle het 'n gebedslewe en doen goed.

- Hulle doen meer as wat van hulle verwag word. Hulle doen goed sonder om iets terug te verwag. Hulle sal nie net in hierdie lewe ontvang nie, maar ook in die hiernamaals.
- 'n Persoon wat 'n verbruiker is, gee net om terug te ontvang

Daar is nog gesindhede van gee

- Ek is die kanaal, God is die bron. Hierdie persone is ywerig. Wat wil U Here deur my gee?
- Ek sal gee, maar U pla my, U meng met my lewe in. Hierdie persoon is bereid. Wat wil U hê moet ek gee?
- Ek wil skoon wees al kos dit wat. Hierdie persoon voel verplig. Wat moet ek gee om nie in die skuld te wees nie?
- Ek is die verbruiker en moet wins maak. Hierdie persoon glo hy/sy is die bron. Wat moet ek gee om terug te ontvang?
- Gewers verstaan die beginsel van saai en maai (**Luk 6:31, 37-38**)

Gewers word deur God geseën

- Maleagi 3: 7b - Geestelike seën
- Maleagi 3:10 - Materiële seën
- Maleagi 3:11 - Plae afweer
- Maleagi 3:12 - Seën van invloed

Hoekom *dudes* nie hulle tiendes betaal nie

- (1) Hulle weet nie dat hulle **KAN** gee nie. (2) Hulle weet nie **HOE** om te gee nie.
 (3) Hulle **BEPLAN** nie om te gee nie. (*Spr 3:9*)

'n Studie van Markus 6:30-52

- Spandeer tyd alleen met God.
- Jou *commitment* is tot God en nie tot jou finansiële beplanning nie.
- Praktiese advies is nie noodwendig die regte advies nie.
- Die gee van tiende sal nooit *economic sense* maak nie.
- God gebruik wat jy het, nie wat jy nie het nie.
- Die manier waarop God voorsien is nie noodwendig ons styl nie.
- God sal jou nooit verlaat nie.
- Moenie uitverloor op die wonderwerk wat God vir jou het nie.

2 Korinthiërs 9:7 - Lukas 14:33 - Psalm 2:8 - Ons moet 'n gesindheid van vrymoedigheid hê wanneer dit by die gee van tiendes kom. Wanneer ons nie *bold* genoeg is om te gee nie, wys dit dat ons geloof swak is en ons nie *bold* genoeg is om te glo dat God vir ons kan sorg nie.

Baie mense het geheimsinnig geword in die gee van hulle tiende. Hulle wil nie hê iemand moet sien wat hulle gee nie. Dit is skandelik om te dink dat ons skaam (embarrassed) is om dit wat ons het, te bring na God. Dis wonderlik om na die Here te kom en vir Hom te sê: “ek gee alles wat ek het vir U, dit wat ek nou vir U bring IS MY BESTE! Maak nie saak hoe klein nie, dit is my alles. **Dit wat ek gee verteenwoordig wie ek is.** Wanneer jy met ‘n gesindheid van *boldness* kom in die gee van jou tiende sal iets nuuts en wonderliks in jou gees gebeur. Jy sal ‘n vryheid ervaar. Dit sal jou eerste stap wees om te leer dat jy jou lewe in God se hande kan oorlaat en dat Hy vir jou SAL sorg.

Bestudeer die volgende verhale in die Bybel en kyk na die resultate van mense wat gegee het

1 Konings 17:8-18

Die gewer	Vrou en seun
Die gawe	Brood
Die ontvanger	Elisa
Die resultaat	God het voorsien. Die brood en meel het nie opgeraak tot die dag wat die reën gekom het nie, soos God beveel het!

Dit gaan nie oor die bedrag nie, maar oor jou hart (jou gesindheid)

Johannes 6:1-14

Die gewer	‘n Seun
Die gawe	5 brode en 2 vissies
Die ontvanger	12 dissipels en ongeveer oor die 20 000 skare mense
Die resultaat	Al die mense het genoeg geëet en daar het nog oorskiet oorgebly!

Hoekom het God voorsien? Die drie elemente is aan mekaar verbind!

Handelinge 5:1-11

Die gewer	Ananías en Saffíra
Die gawe	Anoniem
Die ontvanger	Apostels
Die resultaat	Hulle woorde en gesindheid het gesê: wat ons bring verteenwoordig ons alles, maar hulle aksies het die teenoorgestelde gesê. Hulle het ‘n gedeelte agtergehou en nie gegee nie. Die resultaat was die dood.

Mattheus 22:34-37

Liefde is die fondament van alles wat jy sê en doen.

As jy God liefhet met alles wat in jou is sal jy die Woord van God in jou lewe toepas.

God reageer op jou geloof wat jy toepas op sy Woord.

Dit is gehoorsaamheid aan God en sy Woord
wat ‘n deurbraak in jou lewe sal bring.